# Kosteberekening en Prysvasstelling van Navorsings- en Navorsingsverwante Toekennings en Kontrakte

| | |
|---|---|
| **Soort dokument:** | Beleid |
| **Doel:** | Om 'n standaard-volkosteberekeningsbasis neer te lê waarvolgens koste bereken word wat met navorsing en navorsingsverwante toekennings en kontrakte aan die US verband hou |
| **Goedgekeur deur:** | Raad |
| **Datum goedgekeur:** | 28 November 2022 |
| **Inwerkingtredingsdatum:** | 1 Januarie 2023 |
| **Datum van volgende hersiening:** | 1 Januarie 2028 |
| **Datum van vorige hersiening(s):** | Oorspronklike goedgekeur op 19 April 2010<br>Hersiene weergawe no. 1 – 19 November 2012<br>Hersiene weergawe no. 2 – 17 April 2013 |
| **Eienaar[1] van beleid:** | Uitvoerende Bedryfshoof & Vise-Rektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies |
| **Kurator[2] van beleid:** | Hoofdirekteur: Finansies, en<br>Senior Direkteur: Navorsing en Innovasie |
| **Trefwoorde:** | Indirekte Koste, Intellektuele Eiendom, Navorsingskontrakte, Volkostebegrotings |
| **Geldigheid:** | In geval van verskille in vertolking sal die Engelse teks van hierdie beleid as die geldende weergawe beskou word. |

US-beleide is by www.sun.ac.za/policies beskikbaar.

[1] Eienaar van beleid: hoof(de) van die verantwoordelikheidsentrum(s) waarbinne die beleid funksioneer.

[2] Kurator van beleid: administratiewe hoof van die afdeling wat vir die deurvoering en instandhouding van die beleid verantwoordelik is.

## 1. DOEL VAN DIE BELEID

Die Beleid het ten doel om ’n standaard-volkosteberekeningsbasis neer te lê waarvolgens koste bereken word wat met navorsing en navorsingsverwante toekennings en kontrakte aan die Universiteit Stellenbosch (US) verband hou.

## 2. AGTERGROND

Dit is belangrik dat die vertrekpunt van ’n navorsingsintensiewe universiteit soos die US sal wees om die finansiële volhoubaarheid van navorsingsbedrywighede aan die Universiteit te oorweeg. As ons ten volle wil begryp wat ’n sekere navorsingsprojek sal kos, moet die volkosteberekening die grondslag vorm vir die besluit om met die projek voort te gaan, hetsy teen volle koste of nie.

’n Verdere belangrike oorweging is die Wet op Regte op Intellektuele Eiendom voortspruitend uit Openbare Befondsde Navorsing en Ontwikkeling 51 van 2008 (Wet op IER), wat aandui dat enige navorsing wat by wyse van privaat befondsing op volkostebasis onderneem word, normaalweg nie aan die betrokke wetgewing onderworpe is nie (verw. art. 15.4 van die Wet).

Dit is dus in die US en in vennote van die instelling se belang dat die kosteberekening van alle navorsing en navorsingverwante toekennings en kontrakte teen volle koste vasgestel moet word, waar toepaslik.

## 3. BELEID

### 3.1 Toepassing

Die Beleid is van toepassing op alle projekte waarin US-personeel kontraktueel onderneem om navorsing en navorsingverwante dienste en konsultasie aan buitepartye te verskaf of om samewerkende navorsingsbedrywighede met buitepartye te onderneem.

Die koste van die navorsingstoekenning of -kontrak, moet bepaal word volgens die riglyne soos in die Beleid uiteengesit en volgens die US se amptelike volkostetemplaat, wat die *Volle Koste* teenoor *Kontrakprys* verskaf met gerapporteerde afwyking per lynitem. Die volkostebegroting moet aan die Volkosterekenmeesters in die Afdeling Navorsingsontwikkeling (ANO) voorgelê word vir hersiening ingevolge die vereistes van die befondser en die Wet op IER, en vir verdere aanbeveling by die Dekaan (of Visedekaan: Navorsing, indien die betrokke bevoegdheid gedelegeer is).

Indien die kontrakprys op minder as die volkostebegroting uitwerk, moet die navorser (ná hersiening deur die Volkosterekenmeester) ’n versoek om sodanige afwyking vanaf die voorgeskrewe Beleid rig aan die Dekaan (of Visedekaan: Navorsing, indien die betrokke bevoegdheid gedelegeer is). Die Dekaan of Visedekaan: Navorsing sal dit oorweeg, waar toepaslik in oorleg met die Direkteur: Navorsingskontrakte, om te verseker dat enige afwyking van die volkostebegroting geen uitwerking op die tipe kontrakstransaksie sal hê nie. Die Dekaan (of Visedekaan: Navorsing, indien die betrokke bevoegdheid gedelegeer is) moet finale goedkeuring vir afwykings van hierdie Beleid verleen, welke proses uitgevoer word tydens die ondertekeningsproses van die interne verklaringsbrief wat deel van die goedkeuringsproses van die navorsingskontrak uitmaak.

Geen kontrak waarin ooreengekom word dat die kliënt regte op intellektuele eiendom (IE) bekom, mag egter op minder as volkoste vasgestel word nie, met inagname van ’n gepaste IE-oordragfooi of instemming tot ’n afsonderlike kommersialiseringskontrak, na gelang van die geval.

### 3.2 Prysvasstelling van kontrakte

Volgens die vereistes van prysvasstelling volgens die volkostebenadering moet alle kontrakpryse op so ’n manier bereken word dat alle koste in verband met die projek in die kontrakprys in aanmerking geneem is. Die finale prys of prysvasstelling van ’n kontrak is, met voorbehoud van die toepaslike minimum vereistes oor die volkosteberekening, aan die diskresie van die betrokke omgewing oorgelaat.

### 3.3 Volkosteberekening

Ten einde die volle koste van ’n aktiwiteit of projek te bereken, moet die direkte projekkoste aangedui en bereken word. Ook die indirekte koste van die projek moet bereken word, en die som van hierdie twee kategorieë maak die volle koste van die projek uit.

#### 3.3.1 Direkte koste

Direkte koste is alle koste wat regstreeks aan die projek toegeskryf kan word, en kan die volgende insluit:

- salarisse en salarisverwante uitgawes van personeel wat by die projek betrokke is; die Beleid skryf uitdruklik voor dat die minimum salariskoste met die US se aanvaarde basisvergoedingsvlakke (BVV) moet strook, en enige afwyking moet deur die Dekaan of omgewingshoof aanbeveel word; waar IER-oordrag aan ’n kliënt vereis word, is geen afwyking laer as die BVV toelaatbaar nie;
- salarisse of beurse aan studente wat as navorsingsassistente deelneem;
- verbruikbare materiaal of voorraad;
- aankope en instandhouding van toerusting en komponente wat spesifiek vir die projek is;
- instandhouding van toerusting;
- rekenaartoerusting en -sagteware;
- administratiewe koste en koste van professionele bestuur wat regstreeks met die projek verband hou; dit sluit projek- rekeningkundige dienste in waar die spesifieke navorsingstoekenning ouditverslae of streng finansiële verslagdoening vereis; die bepaalde rekeningkundiges is by die ANO en die Kantoor vir Navorsingstoekenningsbestuur aan die FGGW beskikbaar;
- laboratoriumkostes;
- die koste van gespesialiseerde toerusting (bv. die Sentrale Analitiese Fasiliteite);
- konsultasiedienste wat ingekoop word;
- ouditfooie (bv. waar die befondser spesifiek op geouditeerde finansiële jaarstate aandring);
- reis- en verblyfkoste sowel as daggelde;
- bykomende versekering wat nie by die US se versekeringsportefeulje ingesluit is nie; en
- enige ander uitgawes wat regstreeks aan die projek toegeskryf kan word en nie hier bo genoem word nie.

#### 3.3.2 Indirekte koste

Indirekte koste is uitgawes wat die US aangaan wat onontbeerlik is om die steun te kan verskaf wat dit verg om die betrokke navorsingsprojek geslaagd te bestuur en af te lewer. Indirekte koste word bereken soos beskryf in die Beleid oor die Indirektekosteverhalingskoers (IKVK) ten opsigte van Derde- en Vyfdegeldstroominkomste aan die Universiteit Stellenbosch.

### 3.3.3 Goedkeuring van volkosteberekening

Die US se amptelike volkostetemplaat, waarna in afdeling 3.1 hier bo verwys is, is op die ANO-webblad te kry. Dit is die navorser se verantwoordelikheid om te verseker dat die begroting korrek opgestel en by die volkosterekenmeester in die ANO ingedien word ooreenkomstig die Volkostebeleid. Tydens die oorsigproses skakel die rekenmeesters met die navorsers om die nodige inligting te bekom en te verseker dat alle tersaaklike koste in ag geneem word vir die kosteberekening van ’n navorsingstoekenning of -kontrak op die volkostebasis, sowel as die berekening van ’n finale kontrakbedrag wat BTW insluit asook enige bykomende koste soos deur die navorser bepaal. Finale goedkeuring vind plaas ingevolge die proses soos in afdeling 3.1 uiteengesit.

## 4. WOORDOMSKRYWING

### 4.1 VOLKOSTE

Die totale koste van alle hulpbronne wat gebruik sal word om die projek af te handel, soos bepaal ooreenkomstig die internasionale finansiëleverslagdoeningstandaarde (IFRS). Dit wil sê, dit sluit alle toepaslike voorgeskrewe koste – hetsy direk of indirek van aard – in.

### 4.2 DIREKTE KOSTE

Direkte koste is alle koste wat regstreeks aan die projek toegeskryf kan word.

### 4.3 INDIREKTE KOSTE

Indirekte koste is uitgawes wat die US aangaan wat onontbeerlik is om die steun te kan verskaf wat dit verg om die navorsingsprojek geslaagd te bestuur en af te lewer.

### 4.4 KOSTEBEREKENING

Kosteberekening behels dat die volle koste van ’n projek bereken word.

### 4.5 PRYSBERAMING

Die beraming van ’n prys behels dat winsgrense en/of IE oordragkostes volgens diskresie by die volle koste van ’n projek ingesluit of daarvan uitgesluit word.

[1] Nasionale Kantoor vir die Bestuur van Intellektuele Eiendom, ingevolge die Wet op Regte op Intellektuele Eiendom voortspruitend uit Openbaar Befondsde Navorsing en Ontwikkeling 51 van 2008.